This page was exported from - Bybelskool
Export date: Sun Mar 18 22:58:46 2018 / +0000 GMT

WEEK 6 ? Jesaja 40-48

Die tweede hoofdeel van Jesaja, hoofstuk 40-66, werk met God se nuwe plan om ?n oorblyfsel te red wat Hom sal dien in ?n nuwe bedeling waarin die dienaar van die Here ?n sleutelrol speel.
?n Tergende vraag wat geleerdes besig gehou het die afgelope eeu is die identiteit van die sogenaamde ?dienaar van die Here? in Jesaja 40-66. Nie dat dit ?n splinternuwe vraag is nie. Die Ethiopiese finansiële amptenaar het dit al vir Filippus op die pad na Gasa gevra, terwyl hy Jesaja 52-53 gelees het (Hand 8:34). Filippus het dit duidelik met Jesus geïdentifiseer, soos Paulus waarskynlik ook in Filippense 2:5-11 doen (vgl ook Lukas daaroor in Luk 22:37 en Hand 3:13, 26 [Jesus word Sy dienaar genoem], sowel as Petrus in 1 Pet 2:22; 3:18).
Duhm het in die 19de eeu Jesaja 42:1?4; 49:1?6; 50:4?9; 52:13?53:12 uitgesonder as die 4 fokustekste vir dié vraagstuk, wat meesal slaafs nagevolg word deur kritiese geleerdes. Interessant genoeg kom die frase dienaar van die Here glad nie in die Hebreeuse grondteks van dié gedeeltes voor nie! Die Hebreeuse frase kom eintlik net een keer in Jesaja voor, nl in Jes 42:19. Daar kan dit waarskynlik met Israel geïdentifiseer word, wat waarskynlik verklaar waarom Duhm dit nie ingesluit het in sy seleksie nie.
Verbasend dat geleerdes hulle steeds deur hom laat begelei.
Daar is egter vele verwysings na my/sy dienaar (in die enkelvoud of die meervoud) in die tweede deel van Jesaja, wat beteken dat ?n mens die Jesaja teks as ?n geheel moet lees om sin van die verwysings te maak. Jy kan nie net fokus op die vier Duhm tekse nie.
Baie keer is dit duidelik dat met hierdie dienaar Israel (Jakob, Sion) of die gelowiges/geroepenes bedoel word, soos die konteks duidelik maak (kyk tabel hieronder) maar soms is dit steeds onseker wie hierdie dienaar is.[1 Terloops, Kores word nooit die dienaar van die Here genoem nie, maar wel herder en gesalfde.
Hier is ?n lys van die woorde/frases met die verwysings en die moontlike betekenis daarvan (onseker bedoel hier doodgewoon dat dit nie reguit uit die konteks afgelei kan word nie):

WOORD OF FRASE VERWYSING BETEKENIS ?dienaar van Jahwe? - 42:19 - Israel? **?my dienaar?** - 41:8, 9 - 42:1, 19 - 43:10 - 44:1, 2, 21 - 45:4 - 49:3 - 52:13 - 53:11 - = Israel, Jakob - Onseker - Onseker, maar nie Israel nie - = Israel, Jakob - = Israel, Jakob - = Israel - Onseker - Onseker, word ook ?regverdige? genoem **?sy dienaar?** - 48:20 - 49:5 - 50:10 - =Jakob - Onseker, maar nie Jakob nie - Onseker **?dienaar van regeerders?** - 49:7 - Onseker **?dienaars?** - 44:26 54:17c - 63:17 - 65:13, 14, 15 - 66:14 - Gelowiges/geroepenes? [2] - Gelowiges/geroepenes? - Gelowiges/geroepenes? - Gelowiges/geroepenes? - Gelowiges/geroepenes? **?Israel?** - 41:8, 14 - 43:1, 3, 15, 22, 28 - 44:1, 5, 6, 21, 23 - 45:3, 4, 11, 15, 17, 25 - 46:3 - 48:1, 2, 12, 17 - 49:3, 5, 6, 7 - Israel - Israel - Israel - Israel - Israel - Israel - Israel - Israel **?Jakob?** - 41:8, 14, 21 - 42:24 - 43:1, 22, 28 - 44:1, 2, 5, 21, 23 - 45:4, 19 - 46:3 - 48:1, 12, 20 - 49:5, 6, 26 - Jakob - Jakob - Jakob - Jakob - Jakob - Jakob - Jakob - Jakob **?Sion?** - 49:14 - 51:3, 11, 16 - 52:1, 7, 8 - 59:20 - 60:14 - 61:3 - 62:1, 11 - 64:10 - 66:8 - Sion - Sion - Sion - Sion - Sion - Sion - Sion - Sion - Sion **?Kores?** - 44:28 - 45:1 - Kores as herder - Kores as gesalfde

[3]

Douglas Stuart wys hoe daar ?n progressie in die idee van die dienaar van die Here is ? aanvanklik word nog met die idee van Israel as die onwillige dienaar van die Here gewerk, maar veral in 49-53 word dit op ?n Individu van toepassing gemaak, wat nie net vir Israel instaan nie, maar deur sy lydende gehoorsaamheid hulle verlos sowel as die nasies. Dit doen hy deur spesifiek die probleem van die sonde aan te spreek en versoening tussen God en die volk/nasies te bewerk.
Tussendeur word Kores as God se gesalfde herder-verlosser bekendgestel wat die terugkeer na die Beloofde Land moontlik maak.
Ons lees Jesaja 40-48 hierdie week as volg:

Donderdag 24 Februarie
Jesaja 40-41 ? Die onvergelyklike Here ontferm Hom oor sy volk; Hy hou sy volk vas en stel Kores oor die nasies aan

Vrydag 25 Februarie
Jesaja 42-43 ? Die Here stel sy dienaar aan, en verlos sy volk al dien hulle Hom nie

Maandag 28 Februarie
Jesaja 44-45:8 ? God seën Israel se kinders, want Hy is die enigste God en stel dienaars aan soos Hy dit wil.

Dinsdag 1 Maart
Jesaja 45:9-46:13 ? God is die Skepper van alles; Hy alleen kan red.

Woensdag 2 Maart
Jesaja 47-48 ? God oordeel vir Babel en red vir Israel

[1 Terloops: selfs in die eerste deel van Jesaja kom hierdie frase my dienaar voor, maar daar is dit duidelik wie bedoel word. Kyk bv. Jes 22:20, waar Eljakim, wat Sebna as hoë amptenaar vervang (om later self te sneuwel) ?my dienaar? genoem word.
[2 Afr vertaling het 'n enkelvoud, soos in heelwat Hebreeuse manuskripte, maar die parallelle frase in die vers, ?boodskappers? dui op 'n meervoud, soos Watts dit dan ook voorstel.
[3]Gebaseer op Watts se lys in die Word Biblical Commentary reeks